

Lekkerbekkie Nuusbrief

15 OKTOBER 2014 | UITGAWE 76



Inhoud:

- * Gratis kinderstorie: 'n Dierbare mier
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

'n Dierbare mier deur Anna Emm

Eendag sukkel 'n slakkie teen 'n hopie grond uit. Dan sien sy 'n mier daar naby verbystap. "Ag wees 'n dierbare mier en gee my 'n hupstootjie?" roep die slakkie.

Die mier sit sy swaar sak neer, en kom help. Hy stoot teen die slakkie se dop... tot sy bo-op die hopie sand is. Net toe die mier sy sak weer optel, kom die slakkie se maatjie, Drienie Duisendpoot, daar verby.

"Drienie!" roep die slakkie. "Kyk net hierdie dierbare mier wat ek gekry het! Hy het my gehelp tot bo. Het jy nie ook dalk ietsie waarmee hy jou ook kan help nie?"

Drienie Duisendpoot dink, en dan sê sy: "Om die waarheid te sê, ek hét! Wees 'n dierbare mier en stof gou my lang lyf af? Ek is so stowwerig van al die stap. En ek kom tog nie heel agter by nie."

Die mier sit toe maar sy swaar sak weer neer, vat die sakdoekie, en vee Drienie Duisendpoot se lang lyf blink – van voor tot agter. Maar net toe hy sy sak weer optel en wil groet, kom Adam Akkedissie onder die blare uit.

"Haai, Adam Akkedissie!" roep die slakkie. "Kyk net hierdie dierbare mier wat ons gekry het! Hy het my gehelp tot bo, en vir Drienie gehelp tot agter. Is daar nie dalk ietsie wat hy vir jou ook kan doen nie?"

"Daar is! Daar is!" roep Adam Akkedissie opgewonde. "Laasnag het 'n klip voor die bek van my gat gerol, en nou kan ek nie lekker in en uit nie. Sal jy die klip vir my kan wegrol, ou vriend?" Die mier sug toe maar net en gaan rol die klip voor die bek van Adam Akkedissie se gat weg.

"Nou moet ek regtig gaan..." sê hy, en tel sy sak weer op.

"Maar waarheen is jy dan so haastig oppad, my dierbare mier?" vra die slakkie teleurgesteld.

"Ek is oppad om vir my te gaan werk soek in die groot stad," sê die mier. "Waar ek vandaan kom is daar nie werk nie, en niemand het 'n los geldjie vir 'n mier soos ek nie."

Die slakkie kyk vir Drienie Duisendpoot, en Drienie Duisendpoot kyk vir Adam Akkedissie. Dan sê hulle almal gelyk: "Maar hier by ons is BAIE werk! Hoekom bly jy nie hier nie?"

"Hier by julle?" vra die mier verbaas. "In die tuin?"

"Ja natuurlik!" lag die slakkie. "'n Dierbare mier soos jy is nét wat ons nodig het hier in die tuin om ons te help tot bo, en tot agter, en tot binne en buite! Ons het nie baie geld nie, maar jy kan verniet hier woon en deel van ons lekker kos hier in die tuin. Hoe klink dit?"

Dit klink sommer wonderlik, besluit die mier, en hy sit sy sak weer neer.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Robot-stories vir 3-9 jariges!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ontmoet vir Robottertjie – ons gunsteling robot-seuntjie! Hierdie maand is Robottertjie en sy beste mense-maatjie, Santie Steyn, terug in agt heerlike lekkerluisterstories op CD! Elke CD kom saam met sy eie inkleurboekie, en jy kan tot Maandag 20 Oktober beide CD's met boekies kry vir slegs R199 by AnnaEmm agente landswyd! Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area, of bestel teen die normale prys (R90 per CD en R30 per boekie).



Nuwe Afrikaanse kinderstories op CD!



Vier kinderstories deur Anna Emm
ROBOTTERTJIE en die leeu

Robottertjie die robot-seuntjie is terug... en hierdie keer is daar 8 splinternuwe lekkerluister-stories op CD!

Storie CD's...

Spesiale aanbod:
Kry altwee CD's + inkleurboekies @ slegs R199!
Spaar R41
Aanbod sluit 20 Okt!



Vier kinderstories deur Anna Emm
ROBOTTERTJIE vang vis



Robottertjie vang vis

ROBOTTERTJIE vang vis INKLEURBOEK


...en inkleurboekies!

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

'n Dierbare mier illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za